



BOU,
BEDRYF,
BOU!

Só werk die NWKV se interne struktuur om die bedryf vir die boer uit te bou



➔ deur Bonita Francis

Die NWKV is 'n landwye organisasie wat uit ses provinsiale takke bestaan: 'n hoofkantoor in Port Elizabeth, en takke in KwaZulu-Natal op Harrismith, in Mpumalanga op Ermelo, in die Vrystaat in Bloemfontein, in die Noord-Kaap op Carnarvon, in die Oos-Kaap op Middelburg en in die Wes-Kaap op Caledon. Daar is ook kantore vir kommunale boere in Oos-Londen, King William's Town, Kokstad, Queenstown, Sterkspruit, Butterworth, Mt. Frere, Mthatha en Cofimvaba. 'n Personeelkorps van 37 bedien die wolprodusent op nasionale en provinsiale vlak.

(BLAAI OM)

Hoekom 'n produsente-organisasie, en hoekom moet ek as produsent daaraan behoort?

Die rol wat die NWKV binne die wolbedryf speel, behels kortliks die volgende:

- ➔ Die NWKV is een van die oudste kommoditeitsorganisasies in Suid-Afrika en is reeds in 1929 op Middelburg in die Oos-Kaap gestig. Die NWKV het in middel-Junie hul 89ste jaarkongres in Port Elizabeth gehou.
- ➔ Die NWKV is die amptelike verteenwoordigende liggaam vir kommersiële, opkomende en kommunale wolboere.
- ➔ Die visie vir die bedryf is méér skape, en dus méér wol! In 1990 is 100 miljoen kilogram wol geproduseer, waarna produksie afgeneem het om tans te staan op 50 miljoen kilogram. Die huidige mikpunt is egter 75 miljoen kilogram.

Hoe gaan ons dit regkry?

- 1 Deur boere te help om 'n beter markomgewing te skep.
- 2 Deur 'n effektiewe institusionele omgewing te skep deur skakeling met die regering.
- 3 Deur voortdurend te poog om ons ledebasis uit te brei en daardeur te verseker dat die NWKV wel verteenwoordigend van die wolboere bly.
- 4 Deur 'n winsgewende produksieomgewing te skep.

Die glanstydskrif *Wolboer/Wool Farmer*, wat elke twee maande gepubliseer word, asook 'n maandelikse elektroniese nuusbrieff, sosialemediaplatforms en die NWKV-webwerf bied belangrike inligting en tegniese artikels om bogenoemde aksies oor te dra.

Die NWKV se nasionale kongres vind jaarliks plaas en is die organisasie se hoogste struktuur en gesag vir besluitneming.

Die NWKV het namens sy lede beding vir rampversekering, wat skade weens brand, weerlig, storms, oorstromings, hael, sneeu en verkleuming dek. Die Hollard katastrofedekingspolis maak voorsiening vir premies van R4,50 tot R6,00 per skaap, wat dekingsopsies van R1,5 miljoen tot R6 miljoen vir NWKV-lede bewerkstellig, terwyl nielede dubbeld soveel betaal vir hierdie premies.

Die uitdra van die belange van die wolbedryf:

Die nasionale voorsitter, Guillau du Toit, het in sy voorsittersrede by die 2018-kongres verwys na die produsent wat as fondament van die wolbedryf van Suid-Afrika geag word. "Ons produsente is van kardinale belang om die fondament sterk te hou, sodat verder daarop voortgebou kan word," het hy gesê. Dit word gedoen deur middel van waardevolle insette op verskeie gebiede van die bedryf, soos die betrokkenheid van die NWKV op die volgende terreine:

KOMMERSIEEL

'n Produksie-adviesdiens word deur die NWKV aan boere beskikbaar gestel en fokus op:

1. opleiding, ontwikkeling en mentorskap
2. reproduksieopleiding, wat in sewe modules aan boeregroepe aangebied word
3. boerdery-ontledingsdienste, waar die ekonomie van 'n boerdery ontleed word sodat aanbevelings vir verbetering aan die boer gemaak kan word
4. predasiebestuur, waar gekyk word hoe die impak van jakkalse en rooikatte wat lammers en skape vang, verminder kan word
5. skeeropleiding
6. die verbetering van die gehalte van Suid-Afrikaanse skeersels

1. **Agri SA**, wat algemene sake namens die landbouer hanteer.
2. **Die Nasionale Dieregesondheidsforum (NAHF)**, waar insette gelever en standarde gestel word vir biosekuriteit en dieregesondheid. Bydraes tot gehaltestandarde en die beskikbaarheid van entstowwe is van die aspekte wat van kritieke belangrik is vir 'n bedryf wat uitvoer en blootgestel word aan wêreldhandel en buitelandse regulasies.
3. **Veediefstalforums**, wat belangrike aksies van stapel stuur.
4. **Die Predasiebestuursforum (PMF)**, waar die NWKV die sekretariaat bedryf en waar eie fondse bestee word om predasie in samewerking met ander bedrywe te bekamp.
5. **AgriSETA** se subsektorkomitee, waar opleidingsbehoefte aangemeld word en waar toegesien word dat opleidingstandarde gehandhaaf word. Skeerderopleiding is deel hiervan.
6. **'n Navorsingskomitee** om toe te sien dat navorsingsbevindings toegepas word om die produsent te help om besluite te neem wat tot optimale produksie lei.
7. Deurlopende skakeling met **regerings- en finansieringinstansies** om infrastruktuur en kuddeverbetering in kommunale gebiede te verseker ten einde 'n beter bemerkbare produk aan die internasionale mark beskikbaar te stel.
8. Die **Woltoetsburo**, wat 'n kardinale funksie vervul met betrekking tot die toets van wol om 'n produk wat relevant en mededingend in die wêreldmark is, te verseker.
9. **Cape Wools SA** se produksie-adviesdiens is in die NWKV gesetel en word gebruik om leemtes op boerderyvlak te ontdek, tekortkominge uit te wys, winsgrense te verhoog, bewusmaking te bewerkstellig en goeie praktyke te vestig.
10. **Cape Wools SA** se raad van direkteure bevorder bedryfsamewerking, die bereiking van gesamentlike doelwitte en doen promosie vir die Suid-Afrikaanse wolbedryf.
11. Die **Woltrust**, wat bepalende insette maak in die goeie bestuur van trustfondse.
12. Deelname aan **drukroep** om hidrobrekking (*fracking*) en voortsetting van uraanontginning in die Karoo te verhoed.
13. Die **International Wool Textile Organisation (IWTO)**: internasionale verteenwoordiging en jaarlikse bywoning van die prestige-IWTO-kongres, waar internasionale wolbevorderingsprojekte bespreek en ondersteun word.

KOMMUNAAL

Die NWKV is betrokke by kommunale boere deur middel van 'n redelik omvattende opleidingsprogram, wat die volgende funksies betrek:

1. Organiseer kleinboere in wolproduksieverenigings om wol kollektief te bemark.
2. Opleiding en mentorskap waar 13 kursusse in basiese wolproduksie aangebied word.
3. Infrastruktuur-ontwikkeling waar skeerhuise en alle toerusting wat nodig is om wol te oes en te klas, beskikbaar gestel word.
4. Markgereedheid en marktoegang waar daar met die betrokkenheid van makelaars gehelp word om die formele mark te betree.
5. 'n Genetiese verbeteringsprogram om huidige diere met goeie kwaliteit ramme te vervang om daardeur die kwaliteit van hul nageslag te verseker.
6. Kommunale boere dien in alle besluitnemingstrukture in die wolbedryf; die nasionale visevoorsitter van die NWKV, Sipiwo Makinana, dien byvoorbeeld in die direksie van Agri SA. 